KOOPKRAG
(Edms) Beperk Registrasienommer 1938/011150/07
Geregistreerde Finansiële Diensverskaffer en Kredietgewer

POSBUS 35908
MENLO PARK
0102
Tel: (012) 348 5452
Faks: (012) 348 2339
E-Pos: koopkrag@koopkrag.com
Web Adres: www.koopkrag.com

AANSOEK: Groeplewens en Begrafnisversekering

KREDIETGEWER BESONDERHEDE

Koopkrag (Edms) Bpk Registrasienommer 1938/011150/07
RODERICKSWEG 433, LYNNWOOD, PRETORIA
Registrasienommer Nasionale Kredietreguleerder: NCRCP196 Finansiële Diensverskaffer nommer: 2763

Ek _____, ID no:_____ doen hiermee aansoek vir die volgende groepsversekeringdekking:

1. **GROEPLEWENSVERSEKERING: ARICAN UNITY LIFE** *(ALLEENLIK VIR AANSOEKERS ONDER DIE OUDERDOM VAN 54 JAAR)*

1.1 Die premie bly betaalbaar tot en met die datum van die kredietopnemer / meegaande kredietopnemer se afsterwe of die datum waarop die dekking gekanselleer word. Die groeplewensdekking is 'n afnemende dekking en die waarde van die dekkingsbedrag, soos in onderstaande tabel aangetoon, word bepaal op die datum van afsterwe van die kredietopnemer en/of meegaande kredietopnemer.

1.2 'n Wagperiode van 6 kalendermaande of 12 kalendermaande in geval van selfdood, is van toepassing vanaf die datum waarop die dekking aanvanklik in werking tree. Indien die oorsaak van die afsterwe egter 'n ongeluk is, is die dekking onmiddellik van krag na die ontvangs van die eerste premiebetaling deur die Versekeraar.

1.3 By afsterwe van die kredietopnemer sal die Versekeraar die bedrag betaalbaar in terme van die polis aan die genomineerde begunstigde KOOPKRAG uitbetaal. Met dien verstande dat indien by afsterwe 'n balans deur die kredietopnemer aan KOOPKRAG direk of indirek verskuldig is, die verskuldigde bedrag eers teen die versekerde polisbedrag verreken mag word en enige oorskotte, indien enige, oorbetaal sal word aan die naasbestaandes of aan die eksekuteur van die kredietopnemer se boedel. Met ontvangs van die versekerde polisbedrag deur die genomineerde begunstigde word die Versekeraar van enige verdere aanspreeklikheid vrygestel.

1.4 'n Kredietopnemer kan een keer per jaar sy/haar voordeel verhoog deur skriftelik enige van die beskikbare voordeelopsies te kies. Die volgende voorwaardes en bepalings sal van toepassing wees.

i) die Kredietopnemer moet jonger as 54 jaar wees op die datum waarop die voordeelopsie verandering effektief word.

ii) die nuwe kategorievoordeel sal eers 6 kalendermaande of 12 kalendermaande in geval van selfdood na die effektiewe datum van verandering effektief wees. Gedurende die wagperiode geld die vorige kategorievoordeel. Indien die kredietopnemer egter gedurende hierdie 6 kalendermaande periode as gevolg van 'n ongeluk te sterwe kom, sal die Versekeraar volgens die nuwe voordeelopsie uitbetaal.

1.5 TABEL- die lewensdekking vir 'n premie van R5.05 per maand, wat een eenheid verteenwoordig, is tans soos volg:

GROEPVERSEKERING (R5.05 per eenheid)

KREDIETOPNEMER (A): Minimum 1 eenheid Maksimum 10 eenhede MEEGAANDE KREDIETOPNEMER (B): Minimum 1 eenheid Maksimum 5 eenhede									
AANTAL EENHEDE: Kredietopnemer (A)				Meegaande Kredietopnemer (B)					
TOTALE AANTAL EENHEDE VERLANG (A + B)			@ R5.05 PER EENHEID		R			,	

Ouderdom van versekerde lewe soos op datum van afsterwe	Onder 30	30-39	40-49	50-59	60-69	70 en ouer
Voordeel in Rand PER EENHEID	R12 000	R10 000	R7 000	R4 000	R2 000	R1 000

Ek het die reëls en voorwaardes van bogenoemde groeplewensskema gelees, verstaan en aanvaar dit. Ek nomineer hiermee *KOOPKRAG* as die *begunstigde* van my groeplewensversekering

paraaf

Die premie beloop R_____,_____ per maand soos hierbo deur my bereken.

2. **GROEPBEGRAFNISVERSEKERING – AFRICAN UNITY LIFE** *(ALLEENLIK VIR AANSOEKERS ONDER DIE OUDERDOM VAN 60 JAAR)*

BEGRAFNISPOLIS VIR 'N GESIN

2.1 Kredietopnemers wat aan die Groepbegrafnisversekering deelneem en enige gesinslede, dit wil sê die kredietopnemer se gade en/of enige minderjarige, ongetroude afhanklike kinders (stief- en wettig aangenome kinders ingeslote) kom vir die versekering in aanmerking.

2.2 ***Sterftevoordele***

By dood van 'n deelnemer sal AFRICAN UNITY LIFE die koste van 'n begrafnis of verassingsdiens tot die volgende maksimum bedrae of 'n gelykwaardige kontantbedrag betaal.

OPSIE	B	C	D	E	F	M	O
Standaard Premie per maand	R16.93	R22.13	R31.03	R44.27	R67.27	R90.06	R135.08
Dekking by dood van: Kredietopnemer, Gade, kinders 14 tot 20 jaar	R4 000	R5 000	R7 000	R10 000	R15 000	R20 000	R30 000
Kinders 6 tot 13 jaar	R2 000	R2 500	R3 500	R5 000	R7 500	R10 000	R15 000
Kinders onder 6 jaar (ook doodgebore)	R1 000	R1 250	R1 750	R2 500	R3 750	R5000	R7500

Daar is geen beperkings op die grootte van die gesin nie.

2.3 Die premie bly betaalbaar tot en met die datum van die Kredietopnemer se afsterwe. Met die afsterwe van die Kredietopnemer kan die bestaande dekking teen dieselfde maandelikse premie na die ontvangs van 'n skriftelike aansoek aan die oorlewende gade oorgedra word. AFRICAN UNITY LIFE het die reg om die oordrag van die dekking na die oorlewende gade af te keur.

2.4 'n Wagperiode van 6 kalendermaande of 12 kalendermaande in geval van selfdood, is van toepassing vanaf die datum waarop die dekking aanvanklik in werking tree. Indien die oorsaak van die afsterwe egter 'n ongeluk is, is die dekking onmiddellik van krag na die ontvangs van die eerste premiebetaling deur die Versekeraar.

2.5 Ongeluksvoordeel. Indien 'n deelnemer, wat minstens 18 jaar oud is, as gevolg van 'n ongeluk sterf word die begrafnisvoordeel wat in terme van bogenoemde tabel (par. 2.2) betaalbaar is, verdubbel. Die ongeluksvoordeel verval op ouderdom 60.

2.6 By afsterwe van 'n deelnemer sal die Versekeraar die bedrag betaalbaar in terme van die polis aan die genomineerde begunstigde uitbetaal. Met ontvangs van die versekerde polisbedrag deur die genomineerde begunstigde word die Versekeraar van enige verdere aanspreeklikheid vrygestel.

2.7 Die Kredietopnemer kan een keer per jaar sy/haar voordeel verhoog deur skriftelik enige van die beskikbare voordeelopsies te kies. Die volgende voorwaardes en bepalings sal van toepassing wees.

i) die Kredietopnemer moet jonger as 60 jaar wees op die datum waarop die voordeelopsie verandering effektief word.

ii) die nuwe kategorievoordeel sal eers 6 kalendermaande of 12 kalendermaande in geval van selfdood na die effektiewe datum van verandering effektief wees. Gedurende die wagperiode geld die vorige kategorievoordeel. Indien die deelnemer egter gedurende hierdie 6 kalendermaande periode as gevolg van 'n ongeluk te sterwe kom, sal die Versekeraar volgens die nuwe voordeelopsie uitbetaal.

Besonderhede van familielede waarvoor dekking uitgeneem word:

Van	Voorname	Geslag (M / V)	Identiteitsnommer

BEGRAFNISPOLIS VIR 'N ENKELLOPENDE

2.8 ***Sterftevoordele***

By dood van 'n Kredietopnemer sal AFRICAN UNITY LIFE die koste van 'n begrafnis of verassingsdiens tot die volgende maksimum bedrae of 'n gelykwaardige kontantbedrag betaal.

OPSIE	**H**	**I**	**J**	**K**	**L**	**N**	**P**
Standaard Premie per maand	R7.60	R9.98	R14.00	R19.96	R30.27	R40.69	R60.54
Dekking by dood van: Enkellopende	R4 000	R5 000	R7 000	R10 000	R15 000	R20 000	R30 000

2.9 Die premie bly betaalbaar tot en met die datum van die Kredietopnemer se afsterwe.

2.10 'n Wagperiode van 6 kalendermaande of 12 kalendermaande in geval van selfdood, is van toepassing vanaf die datum waarop die dekking aanvanklik in werking tree. Indien die oorsaak van die afsterwe egter 'n ongeluk is, is die dekking onmiddellik van krag na die ontvangs van die eerste premiebetaling deur die versekeraar.

2.11 By afsterwe van die Kredietopnemer sal die Versekeraar die bedrag betaalbaar in terme van die polis aan die genomineerde begunstigde uitbetaal. Met ontvangs van die versekerde polisbedrag deur die genomineerde begunstigde word die Versekeraar van enige verdere aanspreeklikheid vrygestel.

2.12 'n Kredietopnemer kan een keer per jaar sy voordeel aanpas deur skriftelik enige van die beskikbare voordeelopsies te kies. Die volgende voorwaardes en bepalings sal van toepassing wees.

i) die Kredietopnemer moet jonger as 60 jaar wees op die datum waarop die voordeelopsie verandering effektief word.

ii) die nuwe kategorievoordeel sal eers ses kalendermaande na die datum van verandering effektief wees. Gedurende die wagperiode geld die vorige kategorievoordeel. Indien die Kredietopnemer egter gedurende hierdie ses kalendermaande periode as gevolg van 'n ongeluk te sterwe kom, sal die Versekeraar volgens die nuwe voordeelopsie uitbetaal.

Ek het die reëls en voorwaardes van bogenoemde groepbegrafnisskema gelees, verstaan en aanvaar dit. paraaf

Ek kies opsie _____ waarvan die maandelikse premie R _____,____ beloop.

3. <u>ALGEMENE VOORWAARDES VAN GROEPLEWENS EN GROEPBEGRAFNISVERSEKERING</u>

3.1 Die Kredietopnemer stem toe dat die maandelikse premie by sy/haar Koopkrag-rekening gevoeg word en onderneem om hierdie premie te betaal vir solank die Kredietopnemer 'n rekening by die Kredietgewer het of totdat die dekking gekanselleer word. Versuim om die premie vir 2 agtereenvolgende maande te betaal sal tot kansellasie van die dekking aanleiding gee.

3.2 Die skemas of enige polis wat in terme van die skemas uitgereik word, het geen afkoopwaarde nie.

3.3 AFRICAN UNITY LIFE (die Versekeraar) het die reg om premie-tariewe en die bepalings en voorwaardes van die bogenoemde skemas met 31 kalenderdae kennis te wysig.

3.4 Dit is 'n voorwaarde van enige betaling deur die Kredietopnemer gemaak dat:

(i) Enige gelde van die Kredietopnemer ontvang, word eerstens aan die Kredietopnemer se aankooprekening en ander fasiliteite toegedeel en groepskemapremies word alleenlik geag betaal te wees indien die volle bedrag van die Kredietopnemer se Koopkrag-rekening vereffen is.

(ii) Indien die Kredietopnemer se lidmaatskap of versekeringsdekking op enige wyse beëindig word, sal die Kredietopnemer geen vergoeding vir inbetaalde premies ontvang nie.

3.5 Die premies is maandeliks betaalbaar aan die Kredietgewer en sal deur die Kredietgewer aan AFRICAN UNITY LIFE oorbetaal word.

GETEKEN TE _____ OP HIERDIE _____ DAG VAN _____ 20 _____

_____ Hantekening Kredietopnemer

_____ Handtekening Meegaande Kredietopnemer

_____ Getuie

_____ Lid nommer